Johannes Erasmus Smit
Vorderingsverslag 67
Februarie 2017

"I know now that we never get over great losses; we absorb them and they carve us into different, often kinder creatures."

Baie dankie aan almal wat vir kalmte gebid en ondersteun het tydens die praatjie op RSG, Sondag 5 Februarie. Die terugvoer was opbouend en ons glo dat alles tot eer van die Here geskied het.

Johannes se vriend, Chris en sy pa het hom op 6 Februarie kom haal om aan Hoërskool Strand se pretloop deel te neem. Ten spyte van die "free wheel" wat probleme gegee het en 'n pap wiel aan die einde, het alles vlot verloop en het Johannes, saam met 'n bondel vrywilligers, die 5km in sy rolstoel voltooi. Dankie aan almal wat opgeoffer het om nie te wen nie, maar saam met Johannes te stap. 'n Rolstoel stoot nie maklik op gras nie! Weereens het ek besef: **"Treasure the moments. If you don't treasure the moments, you're never be able to treasure the memories."**

Dankie ook aan Samantha Campbell, 'n matriekleerder van Hoërskool Strand, wat bereid is om elke Donderdag na skool met Johannes te kom Duits praat. Sy is 'n klein bondeltjie lewe met blink ogies. Johannes hou van vreemde tale en vorder stadig maar seker. Ons wil graag hê dat hy 'n gesprek oor bv. kos, hoe laat dit is, hoe dit gaan, ens. in Duits kan voer omdat hy 'n besondere aanleg vir tale het.

Johannes het ook met spraakterapie by Kim Marsh begin. Kim het destyds vir Johannes leer eet toe hy na die ongeluk in 2010 by Intercare was. Ons het vir Kim by Spescare opgespoor en sy en Jeanne speel oulike spraakspeletjies met Johannes. Tuis oefen ons ook allerhande tongknopers in Afrikaans en Engels. (As julle enige lekkersê tongknopers het, stuur asb. aan.)

Antoinette Pienaar sê die grootste les wat sy by oom Johannes geleer het, is: **"Almal word gebore met 'n pad wat ons moet loop en al wat jy elke dag hoef te doen, is om op te daag op jou pad en jou pad te skoffel. Op jou pad leer jy hoe om jou glo voor jou bang staan te maak."**

So daag ek toe ook Valentynsdag op om my pad te skoffel en my glo voor my bang staan te maak. Om en by 12uur kry ek 'n whattsapp van Elize Braasch (arbeidsterapeut) met 'n video-opname van Johannes wat sê dat ek vir my geskenk in die sitkamer moet gaan soek. Dié twee karnallies het die voorafgaande 3 weke baie hard gewerk en vir my 'n stingetjie krale ingeryg. Gelukkig het ek daardie dag op my pad opgedaag en is ryklik beloon. Dankie, Elize vir die groot verrassing.

Oulike sêgoed deur Johannes:

- Lê Omroepers altyd as hulle praat? (Hulle lê om.)
- Wat is 'n vroulike moPAniwurm?
- Is 'n manlike tamatie, 'n oompatie?
- Kan 'n haan 'n elektriesiën raak? (Elektrisihen)
- As jy iemand kan vermaan, kan jy hom ook verster?
- Kan iemand wat nie kan loop nie, ook aftree?
- Kan dit 'n besondere dag wees as dit reën?

Gebedsversoeke:

- Vir algehele gesondheid en 'n positiewe ingesteldheid te alle tye
- Vir krag, geduld, inisiatief en liefde vir alle Versorgers teenoor Johannes
- Vir daaglikse geduld en liefde vir al die Smitte teenoor mekaar
- Vir Johannes se oë en dat sy bene sterk sal word vir self loop

Deut 31:8 "Do not be afraid or discouraged, for the Lord will personally go ahead of you."

Tot volgende maand. Anelé

Foto's Vorderingsverslag 67

Johannes en Samantha leer Duits

Johannes en vriende tydens Hoërskool Strand se pretloop

Die twee musikante: eenders aangetrek

Nuwe studente: Mia, Melissa en Stephanie

Johannes en Marianne Minnie doen Geografie

Saam met Kim en Jeanne, die spraakterapeute